**Die geboorte van Ismael**

**Gen 16:1-16**

**17 September 2023**

1. Vantevore: Die Here het 'n verbond met Abram gesluit: Abram sal groot nageslag hê en die beloofde land besit, maar dit sal lank duur (volle vervulling sal eers met wederkoms realiseer). Intussen ontvang Abram (en gelowiges) geregtigheid deur hulle geloof, en sterf in vrede met God. Die Here neem die volle verantwoordelikheid.
2. Die geskiedenis van die geboorte van Ismael (Gen 16:1-16)
    a. Na 10 jaar bedreig Sarai se onvrugbaarheid (Gen 11:30) die vervulling van die belofte van 'n groot nageslag (Gen 13:16, 15:5) (v1,3)
    b. Sarai se plan: Abram moet by Hagar, haar slavin, 'n kind verwek (v1,2)
        - In stryd met die wil van die Here vir die huwelik (Gen 2:24)
    c. Abram stem in tot Sarai se plan (v2)
    d. Uitvoering van die plan lei tot minagting van Sarai deur Hagar (v3,4)
    e. Sarai skuif die blaam na Abram, Abram neem nie beheer nie, Sarai mishandel Hagar, Hagar vlug (v5,6)
    f. Engel van die Here konfronteer Hagar, veroordeel haar optrede, stuur haar terug (v7-9)
    g. Engel van die Here maak beloftes aan Hagar: groot nageslag, begin met Ismael, hy sal onreg en onvrede beleef (v10-12)
    h. Hagar verwonderd oor die Here haar sien, en sy die Here sien (v13-14)
    i. Hagar skenk geboorte aan Ismael – seun van Abram (v15,16)
3. Die betekenis van die geboorte van Ismael
    a. Verhoudinge binne die huwelik: eenheid in huwelik is verbreek, Sarai was nie onderdanig nie, Abram nie effektief as hoof nie, Abram verwek kind by ander vrou
    b. Verhoudinge tussen werknemer en werkgewer: Sarai behandel Hagar asof eiendom, mishandel haar, Hagar minag Sarai
    c. Optrede sonder leiding van die Here: Al was die doel die vervulling van die Here se beloftes, was die plan buite die wil van die Here, en geïmplementeer sonder leiding van die Here
    d. Boublok om die verlossingsplan van die Here te verstaan:
        - Ooreenkomste tussen Gen 15 en 16: Beide Abram en Hagar ontmoet die Here / Abram se erfgenaam is nie 'n slaaf nie, maar Sarai gee slaaf aan Abram / Abram en Hagar word groot nageslagte beloof / Abram word geregtigheid en vrede beloof, Hagar en Ismael onreg en onvrede / Abram het geglo, Hagar het "gesien" (vgl Gen 21:16)
        - Fisiese nageslag van Abram ≠ werklike nageslag van Abram (Rom 9:6-9)
        - Hoekom is Isak deel van die ware nageslag van Abram en Ismael nie?
            - Nie omrede Hagar 'n slavin van Sarai was nie (Gen 29,30)
            - Nie omrede hulle verskillende ma's gehad het nie (Rom 9:10-13)
            - Omrede Isak uitverkies was en Ismael nie (Rom 9:12, 14-16)
        - Ander voorbeelde: Kain/Abel, 1ste geslag van die volk na die uittog
        - Hoekom dan soveel klem op afstamming in die Ou Testament?
            - Daar is ook 'n ander belofte: Een uit die nageslag van die vrou (Gen 3:15) – Hy word deur die geslagte in OT uitgebeeld, Hy is die fisiese nageslag van Abram, deur wie ons deel word van die ware nageslag.